STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 3384 — REGULATION GAZETTE No. 3384

PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 40c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*

POSVRY · POST FREE

Vol. 201] PRETORIA, 5 MAART / MARCH 1982 [No. 8066

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

No. R. 380 5 Maart 1982

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGS- EN BEDIENINGSNYWERHEID, KAAP.—OOREENKOMS VIR DIE BEDIENINGSEKSIE

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekrag, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1982 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is; en

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (a), 2, 9 (3) (g), 20 en 25 van Deel I, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1982 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van genoemde Ooreenkoms gespesifiseer.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekrag.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGS-EN-BEDIENINGSNYWERHEID (KAAP)

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Electrical Engineering and Allied Industries Association

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF MANPOWER

No. R. 380 5 March 1982

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

ELECTRICAL CONTRACTING AND SERVICING INDUSTRY, CAPE.—AGREEMENT FOR THE SERVICING SECTION

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1982 upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a), 2, 9 (3) (g), 20 and 25 of Part I, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1982 upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the said Agreement.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING AND SERVICING INDUSTRY (CAPE)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Electrical Engineering and Allied Industries Association

Electronics and Telecommunications Industries Association

en die

Radio, Appliance and Television Association of South Africa

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Engineering Union of South Africa

Elektriese en Verwante Vakbond van S.A.

en die

South African Electrical Workers' Association

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Aannemings-en-bedieningsnywerheid (Kaap).

DEEL I

1. TOEPASSINGSBESTEK

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Elektrotegniese Aannemings-en-bedieningsnywerheid nagekom word—

(a) deur alle werkgewers en werknemers wat lede van onderskeidelik die werkgewersorganisasies en die vakverenigings is;

(b) in die landdrosdistrikte Die Kaap, Wynberg [met inbegrip van daardie gedeelte van die landdrosdistrik Somerset-Wes wat voor 9 Maart 1973 (Goewermentskennisgewing 1973 van 9 Februarie 1973) binne die landdrosdistrik Wynberg geval het], Simonstad, Goodwood en Bellville, in daardie gedeeltes van die landdrosdistrikte Malmesbury en Stellenbosch wat voor die publikasie van onderskeidelik Goewermentskennisgewings 171 van 8 Februarie 1957 en 283 van 2 Maart 1962 binne die landdrosdistrik Bellville geval het en in daardie gedeelte van die landdrosdistrik Kuilsrivier wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing 661 van 19 April 1974 binne die landdrosdistrik Stellenbosch geval het maar wat voor 2 Maart 1962 binne die landdrosdistrik Bellville geval het.

(2) Ondanks subklousule (1) (a), is hierdie Ooreenkoms—

(a) van toepassing op vakleerlinge slegs vir sover dit nie met die Wet op Vakleerlinge, 1944, of met die voorwaardes wat daarkragtens gestel is, strydig is nie;

(b) van toepassing op kwekelinge slegs in die mate waarin dit nie met die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, of enige voorwaardes daarkragtens voorgeskryf, strydig is nie;

(c) nie van toepassing op werkgewers en werknemers wat betrokke is by of in diens is in die Elektrotegniese Aannemingseksie van die Nywerheid nie.

(3) Vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms word die weekloon van vakleerlinge wat ingevolge die Wet op Vakleerlinge (Wet 37 van 1944) voorgeskryf word, geag die weekloon te wees en is die uurloon die weekloon soos hierbo bereken, gedeel deur die getal gewone werkure wat in die betrokke bedryfsinrigting gewerk word.

(4) Ondanks die beperking van hierdie Ooreenkoms tot die werksaamhede daarin vermeld, geld klousules 13 en 14 van Deel I van die Ooreenkoms vir alle werknemers wat by werkprosesse betrokke is en wat 'n loon ontvang wat gelyk is aan dié wat in hierdie Ooreenkoms vir 'n Loon D-werknemer voorgeskryf word of wat 'n loon van minstens R479 per maand, uitgesonderd betaling vir oortydwerk, betaal word.

2. GELDIGHEIDSDUUR

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 'n datum wat deur die Minister kragtens artikel 48 van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, vasgestel word en bly van krag vir 'n tydperk wat op 30 Junie 1982 eindig of vir dié tydperk wat die Minister vasstel.

3. WOORDOMSKRYWING

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig en in die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, omskryf word, het dieselfde betekenis as in daardie Wet en waar daar van 'n wet melding gemaak word, omvat dit alle wysigings van sodanige wet; voorts, tensy onbestaanbaar met die samehang, beteken—

"Wet" die Wet op Nywerheidsversoening, 1956;

"vakleerling" 'n werknemer in diens ooreenkomstig 'n leerkontrak wat kragtens die Wet op Vakleerlinge, 1944, geregistreer is, en dit sluit 'n minderjarige in wat ingevolge genoemde Wet op proef in diens is of wat in diens is ingevolge 'n skriftelike leerkontrak wat deur die Raad erken word;

"ononderbroke diens" 'n tydperk waartydens 'n werknemer ononderbroke by dieselfde werkgewer in diens was, en vir hierdie doel moet tydperke van diens by dieselfde werkgewer wat onderbreek is deur hoogstens 30 dae vanaf die datum van diens beëindiging tot die herindiensneming van die wernemer vanweë die afdanking of tydelike ontslag van die werknemer deur die werkgewer, geag word ononderbroke diens te wees;

"Raad" die Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Aannemings- en bedieningsnywerheid (Kaap);

Electronics and Telecommunications Industries Association

and the

Radio, Appliance and Television Association of South Africa

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers organisations"), of the one part, and the

Amalgamated Engineering Union of South Africa

Electrical and Allied Trades Union of S.A.

and the

South African Electrical Workers' Association

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Electrical Contracting and Servicing Industry (Cape).

PART I

1. SCOPE OF APPLICATION

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Electrical Contracting and Servicing Industry—

(a) by all employers and employees who are members of the employers' organisations and trade unions respectively;

(b) in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg [including that portion of the Magisterial District of Somerset West which, prior to 9 March 1973 (Government Notice 1973 of 9 February 1973), fell within the Magisterial District of Wynberg], Simonstown, Goodwood and Bellville, in those portions of the Magisterial Districts of Malmesbury and Stellenbosch which, prior to the publication of Government Notices 171 of 8 February 1957 and 283 of 2 March 1962, respectively, fell within the Magisterial District of Bellville and in that portion of the Magisterial District of Kuils River which, prior to the publication of Government Notice 661 of 19 April 1974, fell within the Magisterial District of Stellenbosch but which, prior to 2 March 1962, fell within the Magisterial District of Bellville.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1) (a), the terms of this Agreement shall—

(a) apply to apprentices only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1944, or any conditions fixed thereunder;

(b) apply to trainees only to the extent to which they are not inconsistent with any provisions of the Training of Artisans Act, 1951, or any conditions prescribed in terms thereof;

(c) not apply to employers and employees engaged or employed in the Electrical Contracting Section of the Industry.

(3) For purposes of this Agreement the weekly wage rate of apprentices prescribed under the Apprenticeship Act (Act 37 of 1944) shall be taken to be the weekly wage, and the hourly rate shall be the weekly wage calculated as above, divided by the number of ordinary hours worked in the establishment concerned.

(4) Notwithstanding the limitation of the Agreement to the operations therein scheduled, the provisions of clauses 13 and 14 of Part 1 of the Agreement shall apply to all employees employed in operative processes receiving a rate of pay equivalent to that prescribed in this Agreement for a Rate D employee or paid at a rate of not less than R479 per month, excluding payment for overtime.

2. PERIOD OF APPLICATION

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister in terms of section 48 of the Industrial Conciliation Act, 1956, and shall remain in force for a period ending 30 June 1982 or for such period as the Minister may determine.

3. DEFINITIONS

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1956, shall have the same meaning as in that Act and any reference to an Act shall include any amendments to such Act; further, unless inconsistent with the context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1956;

"apprentice" means an employee serving under a contract of apprenticeship registered under the Apprenticeship Act, 1944, and includes a minor employed on probation in terms of the said Act, or serving under a written contract of apprenticeship recognised by the Council;

"continuous employment" means any period during which an employee has been continuously employed by the same employer, and for this purpose periods of employment with the same employer broken by not more than 30 days from the date of termination of employment to re-engagement of the employee due to the discharge or retrenchment of the employee by the employer shall be deemed to be continuous employment;

"Council" means the Industrial Council for the Electrical Contracting and Servicing Industry (Cape);

"dagskof", uitgesonderd soos in Deel II van hierdie Ooreenkoms bepaal, behoudens die woordomskrywing hierin wat die "tweeskofstelsel" en "drieskofstelsel" dek, 'n tydperk van hoogstens agt en 'n half uur wat gewoonlik deur 'n werknemer tussen 06h00 en 18h00 van Maandag tot en met Vrydag gewerk word, met inbegrip van 'n tydperk van hoogstens vyf uur wat hy tussen 06h00 en 12h00 op Saterdag werk: Met dien verstande dat wanneer 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis om op meer as vyf dae gedurende 'n week te werk nie, dit sodanige tydperk van hoogstens nege en 'n kwart uur tussen 06h00 en 18h00 vanaf Maandag tot en met Vrydag beteken;

"huistoestel" 'n toestel wat bedoel is om hoofsaaklik vir huishoudelike doeleindes gebruik te word en wat met elektrisiteit werk of dit gebruik;

"huistoestelwerktuigkundige" of "radiotrisiën" of "koelkaswerktuigkundige" 'n werknemer wat een of meer van die volgende klasse werk verrig:

Vasstelling van foute in, of aanwysings gee vir, of uitvoering van herstelwerk of verstellings aan, of die versiening, inmekaarsit, oprigting en/of installering van of toesig hou oor die oprigting en/of installering van stowe, koelkaste, wasmasjiene, strykmasjiene en alle ander groot elektriese toestelle, radio- en/of draadloosinstrumente en elektriese klankweergaweapparaat, finale toetse uitvoer of toesig hou oor sulke werksaamhede, maar nie 'n werknemer wat radiouitrusting, koelkaste, stowe of ander huishoudelike elektriese toestelle aan bestaande kontakpunte aansluit nie;

"Elektrotegniese Aannemings-en-bedieningsnywerheid (Kaap)" of "Nywerheid" die Nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir enigeen van of al die volgende:

(a) Die ontwerp, bereiding, oprigting, installering, herstel en onderhoud van alle elektriese uitrusting wat 'n integrerende en permanente deel van 'n gebou uitmaak, met inbegrip van bedrading, kabellaswerk en die lê van kabels, die oprigting van bogrondse elektriese lyne en alle ander werksaamhede wat daarmee gepaard gaan, hetsy die werk verrig of die materiaal berei word op die terrein van die geboue of bouwerk of elders;

(b) die ontwerp, bereiding, oprigting, installering, herstel en onderhoud van alle elektriese uitrusting wat gepaard gaan met die doel waarvoor 'n gebou gebruik word, met inbegrip van bedrading, kabellaswerk en die lê van kabels, die oprigting van bogrondse elektriese lyne en alle ander werksaamhede wat daarmee gepaard gaan, hetsy die werk uitgevoer of die materiaal berei word op die terrein van die geboue of bouwerk of elders;

(c) die ontwerp, bereiding, oprigting, installering, herstel en onderhoud van alle elektriese uitrusting wat gepaard gaan met die oprigting, verbouing, herstel en onderhoud van geboue, met inbegrip van alle bedrading, kabellaswerk en die lê van kabels, die oprigting van bograndse elektriese lyne en alle ander werksaamhede wat daarmee gepaard gaan, hetsy die werk verrig of die materiaal berei word op die terrein van die geboue of bouwerk of elders;

(d) die ontwerp, bereiding, oprigting, installering, herstel en onderhoud van elektriese uitrusting wat nie deur (a), (b) of (c) hierbo gedek word nie, met inbegrip van alle bedrading, kabellaswerk en die lê van kabels, die oprigting van bogrondse elektriese lyne en alle ander werksaamhede wat daarmee gepaard gaan, hetsy die werk verrig of die materiaal berei word op die terrein van die geboue of bouwerk of elders;

en vir die toepassing van hierdie omskrywing omvat "elektriese uitrusting"—

(i) elektriese kabels en bogrondse lyne;

(ii) generators, motore, konvertors, skakel- en kontroleuitrusting (met inbegrip van relês, kontaktors, elektriese instrumente en uitrusting wat daarmee in verband staan), elektriese verligtings-, verwarmings-, kook-, vries- en koeluitrusting, primêre en sekondêre selle en batterye, transformators, oonduitrusting, radiotoestelle en verwante elektriese apparaat, seinuitrusting en ander uitrusting waarby gebruik gemaak word van die beginsels wat op die werking van radio- of elektroniese uitrusting toegepas word;

en voorts, vir die toepassing van hierdie omskrywing, omvat "ontwerp, bereiding, oprigting, installeering, herstel en onderhoud" nie die volgende nie:

(i) Die vervaardiging en/of immekaarsit van voornoemde uitrusting of samestellende dele daarvan;

(ii) die bedrading van of installering in motorvoertuie van verligtings-, verwarmings- of ander uitrusting of vaste toebehore, hetsy permanent geïnstalleer al dan nie;

(iii) die vervaardiging, herstel en versiening van motorvoertuigbatterye;

(iv) die vervaardiging, herstel en versiening van tikmasjiene en kantoortoestelle;

(v) die vervaardiging en/of inmekaarsit en/of installering en/of herstel en/of onderhoud van hysers en/of roltrappe;

"Elektrotegniese Aannemingseksie" daardie gedeelte van die Nywerheid waarin werkgewers en werknemers betrokke is by of in diens is in verband met die bedrading, installering en onderhoud van verligtings-, verwarmings- en ander vaste elektriese toebehore in of op geboue;

"elektrisiën" 'n werknemer wat enigeen van ondergenoemde werksaamhede verrig en wat sy opleiding voltooi het ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944, of die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, of ingevolge 'n leerkontrak wat deur die Raad erken word, of 'n persoon bo

"day shift", except as provided in Part II of this Agreement, means, subject to the definition herein covering "two-shift system" and "three-shift system", any period of not more than eight and a half hours ordinarily worked by an employee between the hours of 06h00 and 18h00 on Mondays to Fridays, inclusive of any period not exceeding five hours worked between the hours of 06h00 and 12h00 on Saturdays: Provided that when an employer does not require his employee to work on more than five days in any week, it means any such period of not more than nine and a quarter hours between 06h00 and 18h00 from Mondays to Fridays, inclusive;

"domestic appliance" means any appliance designed to be used mainly for domestic household purposes and operating by or using electricity;

"domestic appliance mechanic" or "radiotrician" or "refrigerator mechanic" means an employee engaged on one or more of the following classes of work:

Diagnosing of faults in, or directing or executing repairs or adjustments to, or servicing, assembling, erecting and/or installing or supervising the erection and/or installation of ranges, refrigerators, washing machines, ironers and all other major electrical appliances, radio and/or wireless instruments and electrical sound reproducing apparatus, the carrying out of final tests or the supervision or such operations, but shall not include an employee engaged on the connecting to existing outlets of radio equipment, refrigerators, ranges or other domestic electrical appliances;

"Electrical Contracting and Servicing Industry (Cape)" or "Industry" means the Industry in which employers and employees are associated for any or all of the following:

(a) The design, preparation, erection, installation, repair and maintenance of all electrical equipment forming an integral and permanent portion of buildings, including any wiring, cable jointing and laying, electrical overhead line construction and all other operations incidental thereto, whether the work is performed or the material is prepared on the site of the buildings or structures or elsewhere;

(b) the design, preparation, erection, installation, repair and maintenance of all electrical equipment incidental to the purpose for which a building is used including any wiring, cable jointing and laying, electrical overhead line construction, and all other operations incidental thereto, whether the work is performed or the material is prepared on the site of the buildings or structures or elsewhere;

(c) the design, preparation, erection, installation, repair and maintenance of all electrical equipment incidental to the construction, alteration, repair and maintenance of buildings, including any wiring, cable jointing and laying, electrical overhead line construction, and all other operations incidental thereto, whether the work is performed or the material is prepared on the site of the buildings or structures or elsewhere;

(d) the design, preparation, erection, installation, repair and maintenance of electrical equipment not covered by (a), (b) or (c) above, including any wiring, cable jointing and laying, electrical overhead line construction, and all other operations incidental thereto, whether the work is performed or the material is prepared on the site of the buildings or structures or elsewhere;

and for the purposes of this definition "electrical equipment" shall include—

(i) electrical cables and overhead lines;

(ii) generators, motors, converters, switch and control gear (including relays, contractors, electrical instruments and equipment associated therewith), electrical lighting, heating, cooking, refrigeration and cooling equipment, primary and secondary cells and batteries, transformers, furnace equipment, radio sets and allied electrical apparatus, signalling equipment and other equipment utilising the principles used in the operation of radio or electronic equipment;

and further, for the purposes of this definition "design, preparation, erection, installation, repair and maintenance" shall not include—

(i) the manufacture and/or assembly of the afore-mentioned equipment or component parts thereof;

(ii) the wiring or installation in motor vehicles of lighting, heating or other equipment or fixtures, whether permanent or otherwise;

(iii) the manufacture, repair and servicing of motor vehicle batteries;

(iv) the manufacture, repair and servicing of typewriter and office appliances;

(v) the manufacture and/or assembly and/or installation and/or repair and/or maintenance of lifts and/or escalators;

"Electrical Contracting Section" means that section of the Industry in which employers and employees are engaged or employed in the wiring, installation and maintenance of lighting, heating or other permanent electrical fixtures in or on buildings;

"electrician" means an employee who performs any of the following operations and who has completed his training in terms of the Apprenticeship Act, 1944, or the Training of Artisans Act, 1951, or under a contract

die ouderdom van 21 jaar wat in besit is van 'n sertifikaat wat deur die Raad erken word of uitgereik is en wat hom in staat stel om vir dié werksaamhede in diens geneem te word:

Ankerwikkeling;

kabellaswerk;

bou en/of inmekaarsit en/of herstel van elektriese toestelle;

elektriese installering;

vervaardiging en herstel van elektriese instrumente;

aanleg van elektriese bogrondse lyne;

elektriese bedrading;

installering en/of onderhoud en/of versiening en/of bou van elektromediese toestelle en X-straaluitrusting; en

installering en/of onderhoud van telekommunikasie- en/of sein- en/of totalisatoruitrusting;

"elektriese installering" die installering en/of oprigting van enigeen van die artikels wat in die woordomskrywing van "elektriesiën" in hierdie klousule genoem word;

"werknemer" 'n persoon wat enigeen van die klasse werk verrig wat in hierdie Ooreenkoms en/of Aanhangsels daarvan genoem word;

"werkgewer" enigeen wat 'n persoon in diens neem of werk aan hom verskaf en hom besoldig of uitdruklik of stilswyend onderneem om hom te besoldig of wat iemand hoegenaamd toelaat om hom op watter wyse ook al by die uitoefening of dryf van sy besigheid te help en het "in diens hê", "in diens neem" en "diens" ooreenstemmende betekenise;

"bedryfsinrigting" 'n plek waar die Nywerheid of enige deel daarvan, soos hierin omskryf, uitgeoefen word;

"aansporingsbonus" werk waarvoor daar betaal word teen 'n loon gebaseer op die hoeveelheid of die opbrengs van werk wat ooreenkomstig klousule 10 van hierdie Ooreenkoms gedoen word;

"setmaat" of "setklem" 'n toestel wat die plek vir werk ten opsigte van 'n gereedskapstuk en/of gereedskapstuk ten opsigte van die werk definitief bepaal en/of die relatiewe posisie van onderdele terwyl dit aanmekaar geheg word, om sodoende artikels te produseer wat binne sekere toleransies uitruilbaar is;

"vakmanswerk" werk waarvoor lone onder Loon A in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word;

"vakman" 'n werknemer wat "vakmanswerk" verrig en wat sy opleiding voltooi het ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944, of die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, of kragtens 'n leerkontrak wat deur die Raad erken word, of 'n persoon oor die ouderdom van 21 jaar wat in besit is van 'n sertifikaat wat deur die Raad erken word of uitgereik is en wat hom in staat stel om vir sodanige werk in diens geneem te word;

"jeugdige" 'n werknemer tussen die ouderdom van 16 en 19 jaar in diens in enigeen van die klasse werk wat in die Aanhangsels van hierdie Ooreenkoms genoem word en waarvoor lone voorgeskryf is en ten opsigte van wie se indiensneming 'n sertifikaat ingevolge klousule 15 (2) (a) van Deel I van hierdie Ooreenkoms deur die Raad uitgereik is;

"onderhoud en/of herstel en/of versiening" werk wat gedoen word om elektriese installasie en/of uitrusting te onderhou;

"n.e.v." nie elders vermeld nie;

"nagskof", behoudens die omskrywing hierin wat "tweeskofstelsel" en "drieskofstelsel" dek, 'n tydperk van hoogstens nege en 'n kwart uur wat 'n werknemer gewoonlik tussen 18h00 en 06h00 vanaf aanvangstyd op Maandag tot aanvangstyd op Saterdag werk;

"leerling-ingenieur en/of erkende student" iemand wat in besit is van die onderwyskwalifikasies wat deur die Raad erken word en wat verkry is aan 'n onderwysinrigting wat insgelyks deur die Raad erken word, of 'n gegradueerde ingenieur van 'n Suid-Afrikaanse universiteit of universiteitskollege, maar nie 'n persoon wat voorgeskrewe beroepsopleiding in die loop van sy studies ondergaan nie;

"patroonplaat" 'n toestel om die posisie van gate en/of hegstukke aan die werkstuk en/of vorm en/of kontoer van die werkstuk aan te wys;

"kwekeling" iemand wat opleiding ingevolge die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, ondergaan;

"tweeskof- en/of drieskofstelsel" die werkmetode in bedryfsinrigtings wat twee of drie skofte in 'n tydperk van 24 uur vir minstens drie maande in 'n enkele tydperk werk;

"dringende werk" werk wat noodsaaklik in die Nywerheid verrig moet word ten einde die gerief, gesondheid en veiligheid van die publiek te verseker, of die uitoefening van 'n ander nywerheid, besigheid of onderneming te verseker met inbegrip van die dienste wat nodig is om onklaarrakings in gevestigde elektriese dienste te herstel.

4. LONE EN/OF VERDIENSTE

(1) 'n Werknemer wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms 'n hoër loon ontvang as dié wat in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word vir die klas werk wat hy verrig of vir werk wat deel van sodanige klas werk uitmaak, moet steeds minstens sodanige hoër loon ontvang terwyl hy by dieselfde werkgewer in diens is en dieselfde werk verrig of ander werk waarvoor 'n laer loon voorgeskryf word.

of apprenticeship recognised by the Council, or a person over 21 years of age who is in possession of a certificate recognised or issued by the Council enabling him to be employed on such operations:

Armature winding;

cable jointing;

electrical apparatus—construction and/or assembling and/or repairing;

electrical installation;

electrical instrument making and repairing;

electrical overhead line construction;

electrical wiring;

Electro-medical appliances and X-ray equipment—installing and/or maintaining and/or servicing and/or construction; and telecommunication and/or signalling and/or totalisator equipment installation and/or maintenance;

"electrical installation" means the installation and/or erection of any of the articles enumerated in the definition of "electrician" in this clause;

"employee" means any person employed upon any of the classes of work scheduled in this Agreement and/or the Annexures hereto;

"employer" means any person whatsoever who employs or provides work for any person and remunerates or expressly or tacitly undertakes to remunerate him or who permits any person whatsoever in any manner to assist him in the carrying on or conducting of his business, and "employ" and "employment" have corresponding meanings;

"establishment" means any place where the Industry or any part thereof, as herein defined, is carried on;

"incentive bonus" means work paid for at a rate based on quantity or output of work done in accordance with the provisions of clause 10 hereof;

"jig" or "fixture" means a device which definitely locates the work with respect to a tool and/or tool to the work and/or relative position of parts while being joined together, so as to produce articles that are interchangeable within certain tolerances;

"journeyman's work" means work for which wages are prescribed under Rate A in this Agreement;

"journeyman" means an employee employed on "journeyman's work" and who has completed his training in terms of the Apprenticeship Act, 1944, or the Training of Artisans Act, 1951, or under a contract of apprenticeship recognised by the Council, or a person over 21 years of age who is in possession of a certificate recognised or issued by the Council enabling him to be employed on such work;

"juvenile" means an employee between the age of 16 and 19 years employed on any of the classes of work scheduled in the Annexures to this Agreement in respect of which wages are prescribed, and in respect of whose employment a certificate has been issued by the Council in terms of clause 15 (2) (a) of Part I of this Agreement;

"maintenance and/or repair and/or servicing" means work done in order to maintain electrical plant and/or equipment;

"n.e.s." means not elsewhere specified;

"nights shift" means—subject to the definitions herein covering "two-shift system" and "three-shift system"—any period of not more than nine and a quarter hours ordinarily worked by an employee between the hours of 18h00 and 06h00 from starting time on Monday until starting time on Saturday;

"pupil engineer and/or approved student" means a person who is in possession of educational qualifications recognised by the Council and obtained through an educational institution likewise recognised by the Council or an engineering graduate of a South African University or University College, but shall not include a person undergoing prescribed vocational training in the course of his studies;

"templet" means a device for indicating the position of holes and/or attachments on the work and/or form and/or contour of the work;

"trainee" means a person undergoing training in terms of the Training of Artisans Act, 1951;

"two-shift and/or three-shift system" means the method of operations in establishments working two or three shifts in any period of 24 hours for not less than three months in a single period;

"urgent work" means any work which must essentially be performed in the Industry in order to ensure the convenience, health and safety of the public, or the carrying on of any other industry, business or undertaking including the services necessary to restore breakdowns in established electrical services.

4. WAGES AND/OR EARNINGS

(1) Any employee who at the date of commencement of this Agreement is in receipt of a higher rate than that prescribed in this Agreement for the class of work on which he is employed or for work which forms part of such class of work shall continue to receive not less than such higher rate while he is employed by the same employer on the same work or any other work for which a lower rate is prescribed.

(2) Geen werknemer mag deur sy werkgewer ontslaan word nie as gevolg van die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms en die toepassing daarvan, wat 'n verandering meebring in die loon van sodanige werknemer en/of in die omskrywing van enige klas werk soos in hierdie Ooreenkoms vervat in vergelyking met die loon en klasse werk soos voorgeskryf in 'n ooreenkoms wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms van toepassing was: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie inbreuk mag maak op die regte van 'n werkgewer of 'n werknemer kragtens die bepalings insake Diensbeëindiging (klousule 12 van Deel I van hierdie Ooreenkoms) in verband met die reg om 'n dienskontrak te beëindig nie.

(3) (a) Elke werknemer wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms in die diens van 'n werkgewer werk verrig wat in hierdie Ooreenkoms ingedeel is, moet, terwyl hy in diens van dieselfde werkgewer is en afgesien daarvan of sy werklike loon onmiddellik voor genoemde datum hoër was as die loon wat vir sy klas werk onmiddellik voor genoemde datum gespesifiseer is of nie, minstens die werklike loon betaal word wat hy onmiddellik voor genoemde datum ontvang het.

Vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms is die loon wat ooreenkomstig hierdie subklousule van toepassing is, *mutatis mutandis* van toepassing op werknemers wat aansporingsbonuswerk ooreenkomstig klousule 10 van Deel I van hierdie Ooreenkoms verrig.

(b) Geen werkgewer mag aan werknemers (uitgesonderd vakleerlinge of kwekelinge) wat enigeen van die klasse werk verrig wat in hierdie Ooreenkoms of in Aanhangsels B tot G hiervan gespesifiseer word, lone en/of verdienste betaal wat laer is as dié wat teenoor sodanige klasse gemeld word nie, en geen werknemer mag lone en/of verdienste wat laer is as dié teenoor sodanige klasse gemeld, aanneem nie.

(c) Niemand, uitgesonderd 'n vakman of 'n vakleerling of 'n kwekeling, mag sonder die toestemming van die Raad werk verrig wat onder Loon A ingedeel is nie.

Loon A (n.e.v.)

Ankerwikkelaar Huistoestelwerktuigkundige Huisradiotrisiën Elektrisiën Elektrisiën (ingenieurswerk) Elektronika-meganikus Passer Passer en draaier Instrumentmeganikus (industriële instrumentasie en prosesbeheer) Radiokommunikasiediensman Radio- en televisiemeganikus Koelkaswerktuigkundige (kommersieël) Walsgereedskap- en plaatpatroonmaker Plaatmetaalwerker Telekommunikasie-elektrisiën Telekommunikasiemeganikus Gereedskap-, setmaat- en stempelmaker Sweiser Vakman	Loon per uur vir werk ingedeel onder Loon A in Loontabel.

Loon AA

Masjienwerk nl. fatsoenering, gleufwerk, skaafwerk, freeswerk (uitgesonderd universele freeswerk), slypwerk (uitgesonderd universele slypwerk) en die bediening van ratfrees- en draaimasjiengereedskap, uitgesonderd senterdraaibanke (met of sonder kopieer- en/of profielhegstukke), draai- en boorbanke (vertikale, horisontale en toringtipe—met of sonder kopieer- en/of profielhegstukke), stempelsnymasjiene en universele masjienwerk (Werknemers wat masjienwerk verrig, moet toegelaat word om hul eie werk op te stel, hul eie gereedskap te slyp en te stel en volgens en met presisiemeetinstrumente met inbegrip van meetstokke, meetpassers, ens., te werk.)	Loon per uur vir werk ingedeel onder Loon AA in Loontabel.

Loon D

Boog- en/of gassnywerk (n.e.v.) Handsweiswerk met meganies gevoerde elektrodes Warm- en/of kout-buigwerk en/of -fatsoenering volgens setmate en/of stuiters in kragaangedrewe persrem- en/of voumasjien Bediening van kragaangedrewe of hidrouliese pers (n.e.v.) met inbegrip van die aanbring en/of verwydering van stempels met positiewe plekbepaling (uitgesonderd boumetaalwerk) Boor- en/of versink- en/of ruimwerk (n.e.v.) met inbegrip van die gebruik van verstelbare ruimers mits hulle vooraf gestel is deur 'n Loon A- of Loon AA-werknemer, met inbegrip van die skerpmaak van bore	Loon per uur vir werk ingedeel onder Loon D in Loontabel.

(2) No employee shall be discharged by his employer as the result of the commencement of this Agreement and its application involving any change of th wage rate affecting such employee and/or description of any class of work contained in this Agreement in relation to the wage rate and classes of work as prescribed in any agreement applicable immediately prior to the commencement of this Agreement: Provided that the provisions of this subclause shall not abrogate the rights of any employer or an employee under the Termination of Employment provisions (clause 12 of Part 1 of this Agreement) in relation to the right to terminate a contract of service.

(3) (a) Every employee who on the date of coming into operation of this Agreement is employed by an employer on work classified in this Agreement shall, whilst in the employ of the same employer and whether or not his actual rate of pay immediately prior to the said date was in excess of the rate specified for this class of work immediately prior to the said date, be paid not less than the actual rate of pay he was receiving immediately prior to the said date.

For purposes of this Agreement the rate applicable in terms of this subclause shall *mutatis mutandis* apply to employees employed on incentive bonus work in terms of clause 10 of Part I of this Agreement.

(b) No employer shall pay to employees (other than apprentices or trainees) engaged on any of the classes of work specified in this Agreement or in Annexures B to G hereto, wages and/or earnings lower than those stated against such classes, and no employee shall accept wages and/or earnings lower than those stated against such classes.

(c) No person, other than a journeyman or an apprentice or a trainee, may be employed on work classified as Rate A without the prior approval of the Council.

Rate A (n.e.s.)

Armature winder Domestic appliances mechanic Domestic radiotrician Electrician Electrician (engineering) Electronics mechanician Fitter Fitter and turner Instrument mechanician (industrial instrumentation and process control) Radio communications serviceman Radio and television mechanician Refrigerator mechanic (commercial) Roll tool and templet maker Sheetmetal worker Telecommunication electrician Telecommunication mechanician Tool, jig and die maker Welder Journeyman	Rate per hour for work classified at Rate A in Table of Wage Rates.

Rate AA

Machinist's work, viz. shaping, slotting, planing, milling (excluding universal milling), grinding (excluding universal grinding) and the operation of gear cutting and rotary machine tools, excluding centre lathes (with or without copying and/or profiling attachments), boring mills (vertical, horizontal and turret type—with or without copying and/or profiling attachments), die-sinking machines and universal machining (Employees employed on machinist's work shall be permitted to set up their own work, grind and set their own tools and work to and with precision measuring instruments including rules, calipers and the like)	Rate per hour for work classified at Rate AA in Table of Wage Rates.

Rate D

Arc and/or gas cutting (n.e.s.) Hand welding by mechanically-fed electrodes Hot and/or cold bending and/or forming to jigs and/or stops in power-operated press brake and/or folding machine Operating power-driven or hydraulic press (n.e.s.), including the affixing and/or removal of dies where there is positive location (excluding structural metal work) Drilling and/or countersinking and/or reaming (n.e.s.), including the use of adjustable reamers provided they are pre-set by a Rate A or Rate AA employee, including the sharpening of drills	Rate per hour for work classified at Rate D in Table of Wage Rates.

Masjienwerk aan herhalingswerk d.m.v. setklemme en/of setmate en/of stuiters, waar die werksiklus met die hand uitgevoer word (uitgesonderd die opstelling, maar met inbegrip van die gebruik van vaste meters).....	Loon per uur vir werk ingedeel onder Loon D in Loontabel.
Boorwerk met setmate en/of setklemme	
Bediening van 'n enkelkop-oksiasetileenprofileer- en/of reguitsnymasjien	
Bediening van 'n kragsaag (n.e.v.), met inbegrip van afmerk met 'n meetstok en/of meetband alleenlik en met inbegrip van stelwerk aan stuiters (masjienwinkelwerk).....	
Voorlopige hegsweiswerk om werkstukke voor sweising in posisie te plaas, klink- of boutwerk (lae van hoogstens een duim lank)	
Herhalende sweiswerk en/of sweissoldeerwerk in setmate	
(Herhalende sweiswerk en/of sweissoldeerwerk in setmate beteken dat die setmaat op so 'n manier gemaak moet word dat die werknemer die grootste hoeveelheid sweis- en/of sweissoldeerwerk aan die artikel in die setmaat kan verrig, en daarna moet dieselfde werknemer die sweis van die artikel voltooi wanneer dit uit die setmaat verwyder word)	
Bediening van valsmeemasjien, met inbegrip van die verwydering en/of aanbring van stempels waar daar positiewe plekbepalings is (n.e.v.).....	
Bediening van 'n rolsmeemasjien.....	
Die slyp van gereedskap in setmate.....	
Die buig van buise en/of seksies in handmasjiene volgens patroonplate	
Metaalspuitwerk vir versieringsdoeleindes.....	
Kapwerk vir sweis- en/of kalfaterwerk.....	
Hidrouliese en/of lugdrukmasjienklinkwerk	
Bediening van outomatiese versinkte boogen/of gasbeskutte draad- en/of vloeimiddelkerndraadboogsweismasjien, met inbegrip van die opstelling daarvan	
Bediening van 'n koudsirkelsaag volgens merke en/of stuiters (boumetaalwerk) (n.e.v.).....	
Loon DD	
Herhalende bediening of oppas van halfoutomatiese masjiene waar die werksiklus kragaandrywing het en die eindpunt beheer word deur outomatiese stuiters (uitgesonderd opstelling).....	Loon per uur vir werk ingedeel onder Loon DD in Loontabel.
(Vir die toepassing van bostaande beteken "halfoutomatiese masjien" 'n masjien waarop dit nie nodig is om die werk met die hand te sentreer of in lyn te bring nie en waar die handwerksaamhede beperk is tot die laai van die werkstuk in die kloukop of vashoutoestel van die masjien, die aansit van die masjien, die aanstoot of terugtrek van die gereedskap voor en nadat die kragsiklus oorneem en die stopsit en ontlaai van die masjien.)	
Loon DDD	
Herhalende bediening of oppas van masjiene wat ontwerp is vir of permanent aangepas is vir enkelgereedskapwerk en waar dit nie nodig is om die werk te sentreer of met die hand in lyn te bring nie en waar die handwerksaamhede beperk is tot die laai van die werkstuk in die kloukop of vashoutoestel van die masjien, die aansit, bediening en/of oppas, stopsit en ontlaai van die masjien (uitgesonderd die opstelling daarvan)	Loon per uur vir werk ingedeel onder Loon DDD in Loontabel.
Boor- en/of versinkwerk volgens setmate en/of staalpatroonplate en/of stuiters en/of ruimwerk waarby nie-verstelbare ruimers gebruik word, uitgesonderd radiaalboormasjiene (die groote van die geboorde gate mag hoogstens 26 mm wees).....	
Loon E	
Metaalspuitwerk vir beskermingsdoeleindes....	Loon per uur vir werk ingedeel onder Loon E in Loontabel.
Ru-slypwerk volgens patroonplate en/of merke en/of meters (boumetaalwerk).....	
Produksieprofielruimwerk op outomatiese en/of halfoutomatiese masjiene waar die werksaamhede voor en na stampwerk beperk is tot die laai, aansit, stopsit en ontlaai van die masjien (uitgesonderd die opstelling daarvan)	
Loon F	
Toesighouding oor werknemers wat klasse werk verrig wat laer as Loon F ingedeel is (wanneer aldus aangestel).....	Loon per uur vir werk ingedeel onder Loon F in Loontabel.

Machining on repetition work by means of fixtures and/or jigs and/or stops where the work cycle is manually operated (excluding setting up but including the use of fixed gauges)	Rate per hour for work classified at Rate D in Table of Wage Rates.
Drilling with jigs and/or fixtures.....	
Operating single-head oxy-acetylene profiling and/or straightline cutting machine	
Operating power saw (n.e.s.) including marking off with rule and/or tape only and including setting of stops (machine shop work).....	
Preliminary tack welding for positioning of jobs prior to welding, riveting or bolting up (runs of not more than one inch in length).....	
Repitition welding and/or brazing in jigs	
(Repetition welding and/or brazing in jigs means that the jig must be made in such a manner as to allow the employee to undertake the maximum amount of welding and/or brazing on the article in the jig, and thereafter the same employee must complete the weld on the article when it is removed from the jig.)	
Operating drop forging machine, including the removal and/or affixing of dies where there is positive location (n.e.s.)	
Operating roll forging machine	
Tool grinding in jigs	
Bending of tubes and/or sections in manually operated machines to templets	
Metal spraying for decorative purposes.....	
Chipping for welding and/or caulking.....	
Hydraulic and/or pneumatic gap machine riveting.....	
Operating automatic submerged arc and/or gas shielded wire and/or flux corded wire arc welding machine, including setting up.....	
Operating cold circular saw to marks and/or stops (structural metal work) (n.e.s.).....	
Rate DD	
Repetition operating of or attending semi-automatic machines where the work cycle is power-driven and the end point is controlled by automatically operating stops (excluding setting up).....	Rate per hour for work classified at Rate DD in Table of Wage Rates.
(For the purposes of the above "semi-automatic machine" is a machine on which it is not necessary to centralise or true the work by hand and manual operations are limited to loading the work piece into the chuck or holding device of the machine, setting the machine in motion, advancing or retracting the tools before and after the power cycle takes over and stopping and unloading the machine.)	
Rate DDD	
Repetition operation of or attending machines designed for or permanently adapted for a single tool operation where it is not necessary to centralise or true the work by hand and where the manual operations are limited to loading the work piece into the chuck or holding device of the machine, starting, operating and/or attending, stopping and unloading the machine (excluding setting up).....	Rate per hour for work classified at Rate DDD in Table of Wage Rates.
Drilling and/or countersinking to jigs and/or steel templets and/or stops and/or reaming using non-adjustable reamers, excluding radial drilling machines (size of drilled holes not to exceed 26 mm).....	
Rate E	
Metal spraying for protective purposes	Rate per hour for work classified at Rate E in Table of Wage Rates.
Rough grinding to templets and/or marks and/or gauges (structural metal work)	
Production broaching on automatic and/or semi-automatic machines where the operations prior to and after ramming are limited to loading, setting the machine in motion, stopping and unloading the machine (excluding setting up).....	
Rate F	
Supervising employees employed on classes of work scheduled below Rate F (when so appointed).....	Rate per hour for work classified at Rate F in Table of Wage Rates.

Loon G

Bediening van volkome outomatiese masjiene, met inbegrip van steekproefwerk van vaste mate.....
[Vir die toepassing van bostaande beteken "volkome outomatiese masjien" 'n masjien met 'n staaftoevoer of 'n masjien uitgerus met 'n outomatiese kloutoestel (d.w.s. magasyn en/of tafel- en/of meganiese armtoevoer) en waar die hand werksaamhede beperk is tot die aansit van die masjien, die voer van 'n nuwe staaf in die masjien of die laai van die magasyn, nagelang van die geval, en die stop sit van die masjien.]

Loon per uur vir werk ingedeel onder Loon G in Loontabel.

Afwerking en/of afbaardwerk met die hand en/of met slyp- en/of verplaasbare kraggereedskap.....
Bediening van 'n valhamer .....
Bediening van 'n kraghamer in opdrag van 'n Loon A- tot Loon D-werknemer .....
Bediening van 'n handmasjien ontwerp vir of permanent aangepas vir slegs een werksaamheid, waar dit nie nodig is om die werk met die hand te sentreer of in lyn te bring nie.....
Bediening van 'n kragsaag vir herhalende snywerk volgens stuiters en/of lengtemeters, uitgesonderd opstelling van stuiters (masjienwinkelwerk) (uitgesonderd in gereedskap) ...
Bediening van 'n stuik- en/of flits- en/of projeksie- en/of weerstand- en/of puntsweismasjien
Klinkwerk (hoogstens 10 mm in deursnee).....
Herhalende saag- en/of afknip- en/of afskuifwerk volgens stuiters, uitgesonderd opstel daarvan (masjienwinkelwerk).....
Klipwerk met 'n handhamer in opdrag van 'n Loon A- tot Loon D-werknemer .....
Bediening van 'n verplaasbare hand- en/of voetstukslypmasjien waar die bediener nie volgens merke en/of meters en/of groottes en/of -plate hoef te slyp nie .....
Bediening van draadsnymasjiene, uitgesonderd die opstel daarvan.....
Aanwending van korrosiewerende en/of vuilwerende en/of beskermende lae .....
Aanbring van stroppe in opdrag van 'n Loon A- tot Loon D-werknemer .....
Hidrouliese toetswerk en/of toetswerk met lug, uitgesonderd die voorbereidingswerk .....
Metaalskuur- en/of -poleerwerk.....
Skoonmaak van metaal deur ghriesverwydering en/of bytmiddelaanwending .....
Nasny van skroefdraad en/of moerdraad en/of herwinning van moere en/of boute.....
Reguitmaak en/of platmaak van knoopplate en/of klampe.....
